# *Metaalbeeldhou in die moderne idioom*



GEORGE JAHOLKOWSKI se „Don Quixote" toon die komies-tragiese figuur van die ridder waar hy feitlik verslaan is, maar krampagtig aan sy wapentuig hang.

**DIE metaalbeeldhouwerk van die Kaapstadse kunstenaar George Jaholkowski word tans in die Galery 101, Jeppestraat uitgestal. Hierdie stukke is in die moderne idioom, maar die literêre inhoud van die figure en dierestudies is tradisioneel. Die beeldhouer se tegniek, naamlik 'n vereenvoudiging van plat vlakke in dun metaalstroke of basiese keël-vorme vertoon ten beste waar daar 'n effense humoristiese interpretasie is. Sy Don Quixote (bygaande foto) toon die komies-tragiese figuur van die ridder waar hy feitlik verslaan is, maar krampagtig aan sy wapentuig hang!**

Die vrouefigure toon slegs ritmiese lyne om die essensiële konstruksie te beklemtoon. Met 'n merkwaardige kennis van die materiaal kan die beeldhouer met een plaat 'n figuur te voorskyn bring deur 'n paar voue te buig soos by voorbeeld die „Ridder".

## Dieper insig

In 'n paar werke is daar egter 'n dieper insig en soeke na die fundamentele.

Die „Abdy" is 'n argitektoniese onderwerp op skulpturele wyse uitgebeeld. Die stygende Gotiese lyne word herhaal om die geheelbeeld van die religieuse gebou te vorm. In die „Kruisiging" kom dieselfde godsdienstema tot uiting in streng gekontroleerde vertikale lyne. Meer kon die beeldhouer nie byvoeg nie anders sou sy monumentale idee verlore raak.